**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidentskap



# Mik vir die Middel

Ek het onlangs 'n groep mense dopgehou wat die . boogskietkuns beoefen het. Bloot deur hulle .dop te hou, het ek besef dat dit baie tyd en oefening neem om die pyl en boog te bemeester.

Ek glo nie dat jy 'n reputasie kan opbou as 'n uitstekende boogskutter deur na 'n leë muur te skiet en dan teikens om die pyle te trek nie. Jy sal die kuns moet aanleer om die teiken te vind en die kol raak te skiet.

**Om Teikens Te Verf**

Deur eers te skiet en dan die teiken te verf mag dalk bietjie dwaas klink, maar tog weerspieël ons self hierdie tipe gedrag in ander omstandighede in ons lewens.

As lidmate van die Kerk, neig ons om onsself te heg aan evangeliese programme, kwessies, en selfs leerstellinge wat vir ons interessant, belangrik, of aangenaam blyk. Ons word in versoeking gelei om teikens om hulle te teken, en maak onsself wys dat ons na die middel van die evangelie mik.

Dit is maklik om te doen.

Deur die eeue het ons uitstekende raad en inspirasie vanaf die profete van God ontvang. Ons ontvang ook leiding en verduideliking vanuit verskeie publikasies, handboeke, en handleidings van die Kerk. Ons kan maklik 'n gunsteling evangeliese onderwerp kies, 'n teiken rondom dit teken, en 'n saak maak om te wys dat ons die middelpunt van die evangelie gevind het.

**Die Verlosser Verduidelik**

Dit is nie 'n probleem wat uniek is aan ons tyd nie. Eertyds het godsdienstige leiers baie ure gespandeer deur gebooie te katalogiseer, te rangskik en gedebatteer om te besluit watter van die honderde gebooie die belangrikste is.

Een dag het 'n groep godsdienstige kenners probeer om die Verlosser by hierdie twispunt te betrek. Hulle het Hom gevra om kommentaar te lewer oor 'n saak waaroor daar geen eenstemmigheid was nie.

"Meester," het hulle Hom gevra, "wat is die groot gebod in die wet?"

Ons weet almal wat Jesus geantwoord het: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

"Dit is die eerste en groot gebod.

"En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

"Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."[1]

Slaan asseblief ag op die laaste sin: "Aan hierdie twee gebooie hang die *hele* wet en die profete."

Die Verlosser het nie net vir ons die teiken aangewys nie, maar Hy het die kol geïdentifiseer.

**Om die Teiken te Tref**

As lidmate van die Kerk, sluit ons 'n verbond om die naam van Christus op onsself te neem. Inbegrepe in daardie verbond is die verstandhouding dat ons sal strewe om aangaande God te leer, Hom lief te hê, ons geloof in Hom te vergroot, Hom te eer, in Sy paaie te wandel, en standvastig te staan as 'n getuie van Hom.

Hoe meer ons aangaande God leer en Sy liefde vir ons aanvoel, besef ons dat die oneindige offerande van Jesus

Christus 'n Godgegewe gawe is. En God se liefde inspireer ons om die pad van ware bekering te gebruik, wat na die wonderwerk van vergifnis sal lei. Hierdie proses stel ons in staat om groter liefde en meegevoel te hê vir diegene om ons. Ons sal leer om verby etikette te sien. Ons sal die versoeking weerstaan om andere te beskuldig of te oordeel weens hulle sondes, tekortkominge, foute, politieke sienswyses, godsdienstige oortuigings, nasionaliteite, of velkleur.

Ons sal almal wat ons ontmoet sien as 'n kind van ons Hemelse Vader—ons broer of ons suster.

Ons sal na andere uitreik in begrip en liefde—selfs diegene wat nie noodwendig maklik is om lief te hê nie. Ons sal treur met diegene wat treur en diegene troos wat vertroosting nodig het.[2]

En ons sal besef dat daar geen rede is vir ons om te worstel oor die korrekte evangeliese teiken nie.

Die twee groot gebooie is die teiken. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.[3] As ons dit aanvaar sal alle ander goeie dinge in plek val.

As ons primêre fokus, gedagtes, en pogings gesentreer is om ons liefde vir die Almagtige God te vermeerder en om ons harte na andere uit te reik, kan ons weet dat ons die regte teiken gevind het en mik na die kol—besig om ware dissipels van Jesus Christus te word.

**NOTAS**

1. Matthéüs 22:36-40.
2. Sien Mosia 18:9.
3. Sien Matthéüs 22:40.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Voordat u hierdie boodskap deel, kan u "Our Savior's Love" sing (*Hymns,* no. 113) Oorweeg dit om diegene wat jy onderrig aan te moedig om na te dink oor die "teikens" in hulle lewens. Jy kan maniere bespreek hoe die twee groot gebooie—om "die Here jou God lief te hê" en om "jou naaste lief te hê soos jouself" (sien Matthéüs 22:37, 39)—altyd hulle aksies kan beïnvloed. Jy mag dalk ook spesifieke maniere deel oor hoe jy jou lewe op Christus gefokus het en getuienis lewer oor hoe dit jou lewe geseën het.

## JEUG

### 'n Glimlag Kan Die Verskil Maak

President Uchtdorf identifiseer twee doelwitte wat ons vir ons aksies moet stel: Liefde vir God en liefde vir ons medemens. Maar dit is somtyds nie so maklik om andere lief te hê nie. Dwarsdeur jou lewe, mag daar dalk tye wees wanneer jy wisselwerking met andere moeilik mag vind—miskien het iemand jou seergemaak of jy vind dit dalk moeilik om met iemand te kommunikeer of om met iemand oor die weg te kom. Probeer om in hierdie oomblikke die liefde wat jy van vriende, Hemelse Vader, en Jesus Christus gevoel het, te onthou. Onthou die vreugde wat jy in daardie situasies ervaar het en verbeel jou hoe dit sou wees as almal die geleentheid gehad het om sulke liefde te voel. Onthou dat almal 'n dogter of seun van God is en beide jou *en* Sy liefde verdien.

Dink aan 'n spesifieke persoon in jou lewe wat jy moeilik vind om mee oor die weg te kom. Sluit hulle in jou gebede in en vra Hemelse Vader om jou hart oop te maak teenoor hulle. Jy sal hulle binnekort begin sien soos wat Hy hulle sien: as een van Sy kinders wat liefde verdien.

Doen iets aangenaam vir hulle nadat jy gebid het! Nooi hulle miskien uit na 'n Jeugaand-aktiwiteit of 'n uitstappie saam met vriende. Bied aan om hulle met 'n huiswerkopdrag te help. Al sê jy net "hallo" en glimlag vir hulle. Die klein dingetjies kan 'n groot verskil maak . . . in albei se lewens!

## KINDERS

### Kolskoot!

President Uchtdorf sê dat die lewe soos teikenskiet is. Ons moet na die belangrikste dinge mik. Die belangrikste gebooie is om God lief te hê en om andere lief te hê. As ons op hierdie twee dinge fokus, kan ons elke keer die kol tref!

Teken 'n groot teiken op 'n stuk papier. Laat 'n ouer die volgende lys vir jou lees. Indien 'n item op die lys iets is wat ons help om ons liefde aan God en andere te toon, skryf of teken dit dan in die middel van die teiken.

Deel jou speelgoed
Steel lekkergoed
Gaan kerk toe
Noem iemand 'n slegte naam
Sê jou gebede
Gee iemand 'n drukkie
Baklei met jou broers en susters

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16.
Vertaling van die *First Presidency Message, January 2017*. Afrikaans. 97921 501

# Die Doel van die Verligtingsvereniging

*Bestudeer hierdie materiaal biddend, en vra om te weet wat om mee te deel.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Linda K. Burton, Algemene President van die Verligtingsvereniging, het gesê dat die doel van die Verligtingsvereniging is: "om vroue voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe".[1] Dit is deur geloof, familie, en verligting dat ons betrokke raak in ons "essensiële deel van die werk."[2]

Verligtingsvereniging "is ŉ aardse en geestelike werk," sê Carole M. Stephens, Eerste Raadgewer in die Algemene Presidentskap van die Verligtingsvereniging. "Dit is wat vroue in die Verlosser se tyd gedoen het, en dit is wat ons aanhou om te doen."[3]

As ons na die Samaritaanse vrou by die put kyk, wat haar kruik agtergelaat het en gehardloop het om andere te vertel dat Jesus ŉ profeet was (sien Johannes 4:6-42), of na Fébé, wat andere dwarsdeur haar lewe met vreugde gedien het (sien Romeine 16:1-2), sien ons voorbeelde van vroue in die Verlosser se tyd wat ŉ aktiewe rol gespeel het in hul strewe om na Christus te kom. Dit is Hy wat vir ons die weg na die ewige lewe oopmaak (sien Johannes 3:16).

As ons na ons pioniersusters in Nauvoo, Illinois kyk wat in 1842 in die huis van Sarah Kimball bymekaar gekom het om hul eie organisasie te stig, kan ons God se plan sien om die Verligtingsvereniging op die been te bring en in lyn met die priesterskap. Nadat Eliza R. Snow ŉ konstitusie geskryf het, het die Profeet Joseph Smith dit nagegaan. Hy het besef dat die Kerk nie ten volle georganiseer kon wees totdat die vroue georganiseer was nie. Hy het gesê dat die Here hulle offerande aanvaar het, maar dat daar iets beters was. "Ek sal die vroue onder leiding van die priesterskap en volgens die patroon van die priesterskap organiseer," het hy gesê.[4]

"Die Verligtingsvereniging was nie net nog ŉ groep vroue wat probeer het om goed te doen in die wêreld nie. Dit was anders. Dit was 'iets beters' want dit was onder priesterskap-gesag georganiseer. Die organisasie daarvan was ŉ noodsaaklike stap in die ontvouing van God se werk op aarde."[5]

## *Addisionele Skrifgedeeltes en Inligting*

Leer en Verbonde 25:2-3, 10; 88:73; *reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. Linda K. Burton, in Sarah Jane Weaver, "Relief Society Celebrates Birthday and More March 17," *Church News,* Mar. 13, 2015, news.lds.org.
2. Linda K. Burton, in Weaver, "Relief Society Celebrates Birthday."
3. Carole M. Stephens, in Weaver, "Relief Society Celebrates Birthday."
4. Joseph Smith, in *Daughters in My Kingdom: The History and Work of Relief Society* (2011), 11-12.
5. *Daughters in My Kingdom,* 16.© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15. Vertaling van die *First Presidency Message, January 2016. Afrikaans. 12861 501*

### *Ter Oorweging*

Hoe help die Verligtingsvereniging vroue om hulle Hemelse Vader se Goddelike rol vir hulle te vervul en hulle na die ewige lewe te lei?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalings goedkeuring: 6/16.
Vertaling van die *Visiting Teaching Message, January 2017.* Afrikaans. 97921 501